(ii) skadevergoeding weens verlies van inkomste soos in subparagraaf (i) bedoel; of

(iii) erflating, legaat, skenking, beurs of prys aan haar gemaak of toegeken; of

(iv) inkomste verkry uit haar afsonderlike goed te ontvang;

(b) op haar naam geld in die Posspaarbank van die Republiek of in enige rekening by 'n bankinstelling soos omskryf in artikel 1 van die Bankwet, 1965 (Wet 23 van 1965), te deponeer en haar deposito en die rente daarop te ontrek, dit te sedeer, te verpand en daarteen te leen;

(c) geld op haar naam op verband oor onroerende goed uit te leen en die rente op sodanige verband en die terugbetaling daarvan te ontvang;

(d) op haar naam genoteerde effekte soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Effektebeurs, 1947 (Wet 7 van 1947) of onderaandele soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Beheer van Effekte-Trustskemas, 1947 (Wet 18 van 1947), te verkry en sodanige effekte of onderaandele te vervreem, te sedeer, te verpand en die dividende of rente daarop en die opbrengs daarvan te ontvang;

(c) which became part of their joint estate during the subsistence of their marriage;

or to enter into any contract for the alienation, mortgaging, burdening with a servitude or conferring of any other real right in such immovable property.

(2) The officer in charge of a deeds registry in which immovable property referred to in paragraph (c) of subsection (1) is registered in the name of a husband shall, on the written application of the husband or wife, if he is satisfied as to the relevant facts, make a note on the title deeds of that property, or if the title deeds can for any reason not be produced to him, then on the registry duplicates thereof only, and in the appropriate registers, to the effect that it is property in respect of which subsection (1) is applicable.

(3) If a wife withholds the consent required by paragraph (b) or (c) of subsection (1) or if such consent can for any other reason not be obtained, a court may, on the application of the husband, make an order dispensing with such consent if the court is satisfied, in the case where the wife withholds her consent, that the consent is unreasonably withheld, or in any other case, that there is sufficient reason to dispence with such consent.

(4) The prohibitions contained in subsection (1) shall not apply in respect of immovable property referred to in paragraph (c) of that subsection where the husband performs any of the said acts in the course of the exercise by him of his occupation or the carrying on of his business or trade.

Powers of wife who is subject to the marital power

8. (1) A wife who is subject to the marital powers shall, subject to the provisions of subsection (3) and sections 12, 14 and 15, be competent, without the assistance or consent of her husband—

(a) to receive any money due or accruing to her or to the joint estate by way of—

(i) remuneration, earnings, bonus, allowance, royalty, pension or gratuity, in respect of services rendered by her or the exercise by her of a profession or the carrying on by her of a business or trade; or

(ii) damages for loss of income referred to in subparagraph (i); or

(iii) inheritance, legacy, donation, bursary or prize, left or made or awarded to her; or

(iv) income earned from her separate property;

(b) to deposit money in her name in the Post Office Savings Bank of the Republic or in any account in a banking institution as defined in section 1 of the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965), and to cede, pledge or withdraw her deposit and the interest thereon or to borrow against such deposit;

(c) to lend out money in her name against security of a mortgage bond over immovable property and to receive the interest on and the repayment of such bond;

(d) to aquire in her name listed securities as defined in section 1 of the Stock Exchange Act, 1947 (Act 7 of 1947), or units as defined in section 1 of the Unit Trust Control Act, 1947 (Act 18 of 1947), and to alienate, cede or pledge such securities or units and to receive the dividends or interest thereon and the proceeds thereof;

(e) 'n versekeringspolis ten behoewe van 'n kind van haar uit te neem, die premies ten opsigte daarvan te betaal en enige bedrag wat kragtens so 'n polis betaalbaar is, te ontvang;

(f) enige roerende goed waarmee sy haar inkomste verdien, te verkry en daarmee te handel of daaroor te beskik, en by vervreemding die opbrengs daarvan te ontvang;

(g) enige klerasie, juweliersware en ander persoonlike gebruiksartikels te verkry en daarmee te handel of daaroor te beskik, en by vervreemding die opbrengs daarvan te ontvang;

(h) te beskik oor enige roerende goed wat haar afsonderlike goed is of wat verwerf is met goed wat haar afsonderlike goed is;

(i) te beskik oor enige roerende goed ten opsigte waarvan lisensiëring op naam van 'n persoon kragtens wet vereis word en wat op haar naam gelisensieer is, en by vervreemding die opbrengs daarvan te ontvang.

(2) 'n Vrou bedoel in subartikel (1) is, behoudens die bepalings van subartikel (3) en artikels 12, 14 en 15, bevoeg om sonder die bystand of toestemming van haar man enige geld deur haar verkry op 'n wyse soos in subartikel (1) bedoel, te bestee of daaroor te beskik en ter besteding van sodanige geld of ter beskikking daaroor enige kontrak te sluit.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (1) is 'n vrou in daardie subartikel bedoel nie bevoeg om sonder die toestemming van haar man te beskik oor goed deur haar verwerf uit hoofde van die bevoegdhede aan haar verleen kragtens subartikel (2) nie, of om beheer oor sodanige goed uit te oefen nie.

(4) 'n Vrou wat in gemeenskap van goed getroud is, is nie uit hoofde van subartikels (1) en (2) bevoeg om sonder haar man se toestemming 'n lopende rekening by 'n bankinstelling soos in subartikel (1) bedoel, te oortrek met 'n bedrag wat die totale bedrag van die deposito's tot haar kredit in enige rekening by daardie bankinstelling oorskry nie.

(5) Die bepalings van hierdie artikel doen nie afbreuk aan enige bevoegdheid wat 'n vrou kragtens die gemene reg of 'n ander wet het nie.

Beperking op die man se bevoegdhede ten opsigte van sekere roerende goed

9. (1) 'n Man het nie uit hoofde van die maritale mag die bevoegdheid om sonder die toestemming van sy vrou enige geld of ander goed ten opsigte waarvan die beheer of die beskikkingsbevoegdheid kragtens artikel 8 by sy vrou berus, te ontvang of daaroor te beskik of beheer daaroor uit te oefen nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) belet nie 'n man om die regsgeldigheid te betwis van 'n handeling wat voorgegee word uit hoofde van die bevoegdhede kragtens artikel 8 verleen, verrig te gewees het nie.

Hof kan sekere goed van man se beheer vrystel

10. (1) 'n Hof kan op aansoek van 'n vrou wat aan die maritale mag onderworpe is, by bewys dat haar man haar verlaat het en dat sy gedurende die tydperk van verlating roerende goed verkry het of daarop geregtig geword het, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Hof goedvind, 'n bevel gee waarby daardie goed (wat in die bevel so beskryf moet word dat dit uitgeken kan word) van haar man se beheer vrygestel word en hy verbied word om op enige wyse daarmee te handel.

(2) 'n Bevel kragtens subartikel (1) verleen, kan, by bewys van voldoende rede, gewysig of ingetrek word.

(3) 'n In subartikel (1) bedoelde vrou is bevoeg om goed ten opsigte waarvan 'n in daardie subartikel bedoelde bevel van krag is, te ontvang, te vervreem, te verpand, te beswaar en in die algemeen daarmee te handel of daaroor te beskik.

(e) to take out an insurance policy on behalf of her child, to pay the premiums in respect thereof and to receive any amount payable in terms of such policy;

(f) to acquire any movable property with which she earns her income and to deal with or dispose of such property and upon the alienation thereof, to receive the proceeds;

(g) to acquire any clothing, jewellery or other personal effects and to deal therewith or dispose thereof and upon the alienation thereof, to receive the proceeds;

(h) to dispose of any movable property which is her separate property or which has been acquired, with property which is her separate property;

(i) to dispose of any movable property in respect of which licensing in the name of a person is required by law and which is licensed in her name, and upon the alienation thereof, to receive the proceeds.

(2) A wife referred to in subsection (1) shall, subject to the provisions of subsections (3) and (4) and sections 12, 14 and 15, be competent, without the assistance or consent of her husband, to spend any money acquired by her in a manner referred to in subsection (1) and to dispose thereof and, in spending such money or disposing thereof, to enter into any contract.

(3) Subject to the provisions of subsection (1), a wife referred to in that subsection shall not be competent, without the consent of her husband, to dispose of or exercise control over assets acquired by her by virtue of the powers granted to her by subsection (2).

(4) A wife married in community of property shall not by virtue of subsections (1) and (2) be competent to overdraw on a current account with a banking institution referred to in subsection (1) to an amount exceeding the total amount of deposits standing to her credit in any account with such banking institution.

(5) The provisions of this section shall not derogate from any rights which a wife has at common law or in terms of any statute.

Limitation on husband's powers in respect of certain movables

9. (1) No husband shall by virtue of the marital power be competent, without his wife's consent, to receive, dispose of or exercise control over any money or other property in respect of which the control or power of disposal rests with his wife in terms of section 8.

(2) The provisions of subsection (1) shall not prohibit a husband from contesting the lawfulness of any act purported to have been done by virtue of the powers granted by section 8.

Court may exclude certain property from husband's control

10. (1) A court may, on the application of a wife who is subject to the marital power, upon proof that her husband has deserted her and that she has during the period of desertion acquired or has become entitled to movable property, make an order, subject to such conditions as the court deems just, declaring that the property (which shall be described in the order in such a manner as to be identifiable) to be excluded from her husband's control and prohibiting him from dealing in any manner with that property.

(2) An order made in terms of subsection (1) may, upon good cause shown, be varied or rescinded.

(3) A wife referred to in subsection (1) shall be competent to receive, alienate, pledge or otherwise encumber any property in respect of which an order in terms of subsection (1) is in force and to exercise control over and deal with such property.

(4) 'n Vrou word by die toepassing van hierdie artikel geag deur haar man verlaat te gewees het indien sy apart van hom woon omdat hy weier om saam met haar te woon of omdat hy haar herhaaldelik aangerand het of ander wreedhede teenoor haar gepleeg het of omdat hy 'n gewoontedronkaard of dwelmverslaafde is of omdat hy weier of versuim om sonder voldoende rede haar of sy kinders van lewensonderhoud te voorsien terwyl hy in staat is om dit te doen of omdat hy in 'n gevangenis of ander inrigting aangehou word.

Weiering of onvermoë van man om toe te stem tot die beoefening van 'n beroep, besigheid of bedryf deur die vrou

11. Indien 'n hof op aansoek van 'n vrou wat aan die maritale mag onderworpe is, oortuig is dat haar man sy toestemming dat sy 'n bepaalde beroep, besigheid of bedryf mag beoefen, onredelik weerhou, beperk of ingetrek het, of dat die man se toestemming dat sy vrou 'n bepaalde beroep, besigheid of bedryf mag beoefen om ander gegronde redes nie verkry kan word nie, kan die hof 'n bevel gee wat die hof goedvind met betrekking tot die beoefening deur die vrou van so 'n beroep, besigheid of bedryf.

Aanspreeklikheid van gemeenskaplike boedel ten opsigte van sekere skulde beperk tot verhaal op sekere goed

12. (1) 'n Skuld deur 'n vrou opgeloop in die uitoefening van 'n bevoegdheid aan haar kragtens artikel 8 verleen, is slegs verhaalbaar op haar afsonderlike goed of op daardie deel van die gemeenskaplike boedel wat bestaan uit goed in artikel 8 (1) bedoel.

(2) Indien 'n vrou wat in gemeenskap van goed getroud is aanspreeklik is vir die betaling van regskoste ten opsigte van gedingvoering deur of teen haar in verband met 'n aangeleentheid bedoel in artikel 8, is daardie regskoste slegs verhaalbaar op haar afsonderlike goed of op daardie deel van die gemeenskaplike boedel wat bestaan uit goed in artikel 8 (1) bedoel.

(3) Daar word nie op goed bedoel in artikel 8 (1) beslag gelê en dit word nie in eksekusie verkoop nie vir 'n skuld deur die man aangegaan vir of in verband met die voorsiening van sterk drank aan hom.

(4) Behalwe vir 'n skuld ten opsigte van benodigdhede vir die gesamentlike huishouding, word daar nie op goed bedoel in artikel 10 beslag gelê en word dit nie in eksekusie verkoop nie vir 'n skuld van die gemeenskaplike boedel deur die man aangegaan voor of na die verlating in daardie artikel bedoel.

Sekere kontrakte deur 'n gade aangegaan, aan die toestemming van die ander gade onderworpe

13. (1) Wanneer 'n man of vrou wat in gemeenskap van goed getroud is—

(a) hom of haar as borg of medehoofskuldenaar verbind; of

(b) as koper 'n koopkontrak van roerende of onroerende goed aangaan ingevolge waarvan die koopprys in paaiemente betaalbaar is en—

(i) die eiendomsreg nie op die koper oorgaan voordat die volle koopprys of 'n bepaalde gedeelte daarvan betaal is nie; of

(ii) die verkoper die reg voorbehou om uit die kontrak te tree indien die koper sou versuim om aan enige beding van die kontrak te voldoen;

kom geen geldige kontrak tot stand nie alvorens sy of haar gade skriftelik tot die kontrak toestem.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie—

(a) waar 'n gade die verpligtings van 'n borg kragtens die Wisselwet, 1964 (Wet 34 van 1964), oploop; of

(4) A wife shall for purposes of subsection (1) be deemed to have been deserted by her husband if she is living apart from him because of his refusal to reside with her or because he repeatedly assaulted her or committed other acts of cruelty towards her or because he is an habitual drunkard or drug addict or because of his refusal or neglect, without sufficient cause, to supply her or his children with the necessaries of life when able to do so or because of his detention in any prison or other institution.

Refusal or inability of husband to consent to the exercise of a profession, trade or business by his wife

11. If a court, on application of a wife who is subject to the marital power, is satisfied that her husband unreasonably withholds or limits his consent to her exercising a particular profession or carrying on a particular trade or business or that he has unreasonably withdrawn such consent, or that the husband's consent can for any other sufficient reason not be obtained, the court may make such order as it finds appropriate with regard to the exercise of such profession or the carrying on of such trade or business by the wife.

Liability of joint estate for certain depts limited to recovery from particular goods

12. (1) A dept incurred by a wife by virtue of the powers vested in her by section 8, shall be recoverable only from her separate property or from that part of the joint estate consisting of property referred to in section 8 (1).

(2) If a wife married in community of property is liable for the payment of legal costs in respect of litigation by or against her in connection with a matter referred to in section 8, such costs shall be recoverable only from her separate property or from that part of the joint estate consisting of property referred to in section 8 (1).

(3) Property referred to in section 8 (1) shall not be attached or sold in execution for a debt incurred by the husband for or in connection with the supply of intoxicating liquor to him.

(4) Except for a debt in respect of necessaries for the joint household, property referred to in section 10 shall not be attached or sold in execution for a debt of the joint estate incurred by the husband before or after the desertion referred to in that section.

Certain contracts entered into by a spouse subject to consent of other spouse

13. (1) Whenever a spouse who is married in community of property—

(a) binds himself or herself as surety or co-principle debtor; or

(b) enters as buyer into a contract for the purchase of movable or immovable property in terms of which the purchase price is payable in instalments and—

(i) the ownership does not pass to the purchaser until the full purchase price or any specified part thereof is paid; or

(ii) the seller reserves the right to withdraw from the contract should the purchaser fail to comply with any term of the contract;

no valid contract shall come into existence until the other spouse consents to such contract in writing.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply—

(a) where a spouse incurs the liability of a surety in terms of the Bills of Exchange Act, 1964 (Act 34 of 1964); or

(b) met betrekking tot 'n in daardie subartikel bedoelde kontrak wat deur 'n gade in die gewone loop van die beoefening deur hom of haar van sy of haar beroep, besigheid of bedryf gesluit is.

(3) 'n Hof kan op aansoek van 'n gade 'n bevel gee waarby van die in subartikel (1) bedoelde toestemming afgesien word indien die hof oortuig is dat die ander gade sy of haar toestemming onredelik weerhou of dat bedoelde toestemming nie verkry kan word nie en daar gegronde rede bestaan om daarvan af te sien.

Skenkings deur gades aan derdes

14. (1) 'n Man of vrou wat in gemeenskap van goed getroud is of ten opsigte van wie die huweliksgoederebedeling bedoel in artikel 2 van toepassing is, het nie die bevoegdheid om sonder die toestemming van sy of haar gade enige bate van die gemeenskaplike boedel of, na gelang van die geval, van sy of haar afsonderlike boedel, aan 'n derde te skenk of dit sonder teenwaarde te vervreem nie, behalwe vir sover sodanige skenking of vervreemding nie die belang van sy of haar gade in die gemeenskaplike boedel of, na gelang van die geval, in die aanwas van eersbedoelde gade se boedel, onredelik benadeel nie.

(2) Die vraag of 'n skenking of vervreemding bedoel in subartikel (1) 'n gade se belang onredelik benadeel of mag benadeel, word beslis met inagneming van die waarde van die goed wat vervreem is, die rede vir die skenking of vervreemding, die finansiële en sosiale stand van die gades, hul lewenspeil, en enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word.

(3) Die gemeenregtelike remedies wat tot 'n vrou se beskikking is in die geval waar haar man bates van die gemeenskaplike boedel of bedrieglike wyse vervreem, is *mutatis mutandis* tot die beskikking van 'n gade wie se belang deur 'n skenking of vervreemding bedoel in subartikel (1) aangetas of bedreig word.

Skenkings tussen gades toelaatbaar

15. Behoudens die bepalings van die Insolvensiewet, 1936 (Wet 24 van 1936), is geen transaksie nietig of vernietigbaar slegs op grond daarvan dat dit 'n skenking tussen gades uitmaak nie.

Genoegdoening van die gemeenskaplike boedel en die maritale mag uitgesluit

16. (1) Genoegdoening toegeken aan 'n man of vrou wat in gemeenskap van goed getroud is, maak nie deel van die gemeenskaplike boedel van daardie man of vrou en sy of haar gade uit nie.

(2) Genoegdoening toegeken aan 'n vrou wat aan die maritale mag onderworpe is, is van die maritale mag uitgesluit.

Aksies om genoegdoening toelaatbaar tussen gades in gemeenskap van goed getroud

17. 'n Man of vrou wat in gemeenskap van goed getroud is, kan ten opsigte van liggaamlike beserings deur hom of haar opgedoen wat in die geheel of deels aan die skuld van sy of haar gade te wyte is, genoegdoening deur middel van 'n aksie van bedoelde gade verhaal.

Verhaal van skadevergoeding of genoegdoening van gades wat in gemeenskap van goed getroud is

18. Wanneer 'n gade wat in gemeenskap van goed getroud is teenoor enige persoon aanspreeklik is vir die betaling van skadevergoeding of genoegdoening weens 'n delik deur hom of haar gepleeg of wanneer 'n bydrae kragtens die Wet op die Verdeling van Skadevergoeding, 1956 (Wet 34 van 1956), van so 'n gade verhaalbaar is, word bedoelde skadevergoeding, genoegdoening of bydrae op die afsonderlike goed van bedoelde gade (as daar is) verhaal, en slegs vir sover hy of sy nie oor afsonderlike goed of voldoende afsonderlike goed beskik nie, op die

(b) in respect of a contract referred to in that subsection, entered into by a spouse in the ordinary course of the exercise of his or her profession or the carrying on of his or her trade or business.

(3) A court may on the application of a spouse make an order dispensing with the consent referred to in subsection (1) if the court is satisfied that the other spouse unreasonably withholds his or her consent or that the said consent can not be obtained and there is sufficient reason to dispence therewith.

Donations by spouses to third persons

14. (1) A husband or wife married in community of property or in respect of whom the matrimonial property regime referred to in section 2 is applicable, shall not be entitled without the consent of his or her spouse to donate to a third person any asset of the joint estate or of his or her separate property, as the case may be, or to dispose thereof without value, except in so far as such donation or disposition does not unreasonably prejudice the interests of the said marriage partner in the joint estate or in the accrual of the estate of such firstnamed spouse, as the case may be.

(2) The question whether a donation or disposition referred to in subsection (1) unreasonably prejudices or may unreasonably prejudice the interests of a spouse, shall be adjudged having regard to the value of the donation or the property disposed of, the reason for the donation or disposition, the financial and social standing of the spouses, their standard of living and any other factor which in the opinion of the court should be taken into account.

(3) The remedies at a wife's disposal at common law in the case where her husband fraudulently disposes or assets of the joint estate shall *mutatis mutandis* be at the disposal of a spouse whose interests are impaired or prejudiced by a donation or disposition referred to in subsection (1).

Donations between spouses permissable

15. Subject to the provisions of the Insolvency Act, 1936 (Act 24 of 1936), no transaction shall be void or voidable merely by reason thereof that it amounts to a donation between spouses.

Damages excluded from joint estate and marital power

16. (1) Damages (other than patrimonial damages) awarded to a spouse married in community of property shall not form part of the joint estate of the spouses.

(2) Damages (other than patrimonial damages) awarded to a wife who is subject to the marital power shall be excluded from the marital power.

Actions for damages between spouses married in community of property, permissable

17. A spouse married in community of property who has sustained bodily injuries for which the other spouse is wholly or partly to blame, may recover from the said other spouse by way of action damages in respect of such injuries.

Recovering of damages from spouses married in community of property

18. Whenever a spouse married in community of property is liable to any person for the payment of damages for a delict committed by him or her or when a contribution is in terms of the Apportionment of Damages Act, 1956 (Act 34 of 1956), recoverable from such spouse, such damages or contribution shall be recovered from the separate property of the said spouse (if there is any) and only in so far as the said spouse has no separate property or not sufficient separate property, from the

gemeenskaplike boedel: Met dien verstande dat vir sover sodanige skadevergoeding, genoegdoening of byrae op die gemeenskaplike boedel verhaal is, verrekening ten gunste van die ander gade of, na gelang van die geval, sy of haar boedel, by die verdeling van die gemeenskaplike boedel moet plaasvind.

Aanspreeklikheid van gades vir huishoudelike benodigdhede

19. (1) Gades buite gemeenskap van goed getroud, is teenoor derdes gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir alle skulde wat deur die een of die ander van hulle ten opsigte van benodigdhede vir die gesamentlike huishouding aangegaan is.

(2) 'n Gade buite gemeenskap van goed getroud, is verplig om ten opsigte van benodigdhede vir die gesamentlike huishouding *pro rata* volgens sy of haar inkomste by te dra: Met dien verstande dat die feit dat 'n gade oor bates beskik wat nie aangewend word om inkomste te verwerf nie, in aanmerking geneem kan word wanneer die verhouding waarin die gades verplig is om ten opsigte van bedoelde benodigdhede by te dra, bepaal word.

(3) Afgesien van enige ander wyse waarop 'n gade 'n bydrae tot benodigdhede vir die gesamentlike huishouding kan maak, kan 'n gade so 'n bydrae maak deur die beskikbaarstelling van 'n bate vir die gebruik van lede van die gesamentlike huishouding of deur die verskaffing aan die gesamentlike huishouding van dienste waarvoor gelde van die gades andersins aangewend sou moes word.

(4) 'n Gade buite gemeenskap van goed getroud, het vir sover hy of sy ten opsigte van benodigdhede vir die gesamentlike huishouding meer bygedra het as by subartikel (2) bepaal, 'n reg van verhaal op die ander gade.

(5) Ondanks die bepalings van artikel 7 van die Verjaringswet, 1943 (Wet 18 van 1943) en artikel 13 van die Verjaringswet, 1969 (Wet 68 van 1969), verjaar 'n skuld wat ontstaan uit 'n verhaalsreg soos bedoel in subartikel (4), drie jaar nadat die bedoelde bydrae gemaak is.

Die instel van regsgedinge deur of teen 'n vrou wat aan die maritale mag onderworpe is

20. (1) 'n Vrou wat aan die maritale mag onderworpe is, kan—

(a) sonder die bystand of toestemming van haar man, maar na kennisgewing aan hom op die wyse by hofreëls voorgeskryf, 'n regsproses instel ter beskerming of afdwinging van haar regte kragtens hierdie Wet verleen; en

(b) sonder die bystand van haar man, maar na kennisgewing aan hom deur die teenparty op die wyse by hofreëls voorgeskryf, aangespreek word met betrekking tot 'n handeling deur haar verrig in die uitoefening van haar regte en bevoegdhede kragtens hierdie Wet verleen.

(2) In die geval waar 'n vrou kragtens paragraaf (a) van subartikel (1) 'n regsproses instel, is haar man nie uit hoofde van die maritale mag bevoeg om sonder haar toestemming ten opsigte van dieselfde eisoorsaak 'n regsproses in te stel nie.

Wysiging van artikel 1 van Wet 13 van 1934

21. Artikel 1 van die Erfopvolgingswet, 1934 (Wet 13 van 1934), word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) wanneer die eggenote buite gemeenskap van goedere gehuud was en wanneer die oorlede eggenoot 'n afstammeling agterlaat wat geregtig is om *ab intestato* te erwe, erf die oorblywende eggenoot—

(i) *in die geval waar die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Huweliksgoedere, 19..., nie op so 'n eggenoot van toepassing is nie,* ten bedrae van 'n kindsdeel of soveel as wat R10 000 in waarde nie te bowe gaan nie (watter van die twee die grootste is); en

joint estate: Provided that in so far as such damages or contribution are recovered from the joint estate, adjustment in favour of the other spouse or the estate of the other spouse, as the case may be, shall be effected upon the division of the joint estate.

Liability of spouses for household necessaries

19. (1) Spouses married out of community of property shall against third parties be liable jointly and severally for all debts incurred by either of them in respect of necessaries for the joint household.

(2) A spouse married out of community of property shall be liable to contribute *pro rata* according to his or her income in respect of necessaries for the joint household: Provided that the fact that a spouse has assets which are not employed so as to yield income may be taken into account in determining the proportion in which the spouses are liable to contribute towards the said necessaries.

(3) Apart from any other manner in which a spouse may make a contribution in respect of necessaries for the joint household, a spouse may make such contribution by means of the making available of an asset for the use of members of the joint household or by the rendering of services to the joint household for which moneys of the spouses would otherwise have to be applied.

(4) A spouse married out of community of property shall have a right of recourse against his or her marriage partner in so far as he or she has contributed more in respect of necessaries for the joint household than is provided by subsection 2.

(5) Notwithstanding the provisions of section 7 of the Prescription Act, 1943 (Act 18 of 1943), and section 13 of the Prescription Act, 1969 (Act 68 of 1969), a debt arising from a right of recourse referred to in subsection (4) shall become prescribed three years after the said contribution was made.

The institution of legal proceedings by or against a wife who is subject to the marital power

20. (1) A wife who is subject to the marital power may—

(a) without the assistance or consent of her husband, but after notice to him in a manner prescribed by the rules of court, institute legal proceedings for the protection or enforcement of her rights under this Act; and

(b) without the assistance of her husband, but after notice to him by the opposite party in a manner prescribed by the rules of court, be sued with regard to an act performed by her in pursuance of her rights and powers under this Act.

(2) In the case where a wife institutes legal proceedings in terms of paragraph (a) of subsection (1), her husband shall not by virtue of the marital power be competent to institute legal proceedings in respect of the same cause of action without her consent.

Amendment of section 1 of Act 13 of 1934

21. Section 1 of The Succession Act, 1934 (Act 13 of 1934), is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph:

"(b) if the spouses were married out of community of property and if the deceased spouse leaves any descendant who is entitled to succeed *ab intestato*, the surviving spouse shall succeed—

(i) *in the case where the provisions of section 2 (1) of the Matrimonial Property Act, 19..., are not applicable to such spouse,* to the extent of a child's share or to so much as does not exceed ten thousand rand in value (whichever is the greater); or

(ii) *in die geval waar die bepalings van artikel* 2 (1) *van bedoelde Wet op so 'n eggenoot van toepassing is,* ten bedrae van 'n kindsdeel of soveel as wat *tesame met sy of haar aandeel van die aanwas van die huweliks-partye se boedels soos bepaal ooreenkomstig die bepalings van bedoelde Wet,* R10 000 in waarde nie te bowe gaan nie (watter van die twee die grootste is);".

Wysiging van artikel 17 *van Wet* 47 *van* 1937

22. Artikel 17 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), word hierby gewysig deur—

(a) subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Alle deur of ten behoewe of ten gunste van vrouens opgemaakte aktes wat deur 'n registrateur onderteken of geattesteer of deur 'n notaris geattesteer is en in 'n registrasiekantoor geregistreer moet word, moet in elke geval die volle naam en staat van die betrokke vrou vermeld, naamlik of sy ongetroud, getroud, 'n weduwee of geskeie is, na gelang van die geval. As die vrou getroud is, moet die volle naam van haar man ook vermeld word, en as die huwelik beheers word deur die reg wat in die Republiek of 'n deel daarvan geld, moet vermeld word of die huwelik in of buite gemeenskap van goedere aangegaan is. *Indien die huwelik buite gemeenskap van goedere aangegaan is moet ook vermeld word of die bepalings van artikel 2 van die Wet op Huweliksgoedere,* 19..., *op die huwelik van toepassing is, al dan nie.* As die huwelik beheers word deur die reg van 'n ander land, moet vermeld word dat die huwelik deur die reg van daardie land beheers word.";

(b) subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) *Behoudens die bepalings van subartikel* (3A) *mag* onroerende goed, verbande of ander saaklike regte [mag] nie getransporteer of gesedeer word aan, of geregistreer word op naam van, 'n vrou wat in gemeenskap van goed getroud is nie, behalwe wanneer daardie goed, verbande of saaklike regte volgens wet of volgens 'n voorwaarde van 'n bemaking of skenking van die gemeenskap uitgesluit is of wanneer daardie goed verkry is ingevolge die bepalings van die Wet op Landbou-krediet, 1966 (Wet 28 van 1966).";

(c) die byvoeging na subartikel (3) van die volgende subartikel:

"(3A) *Na die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere,* 19..., *geskied die registrasie van onroerende goed wat by die registrasie daarvan deel word van die gemeenskaplike boedel van 'n man en vrou wat in gemeenskap van goed getroud is, en die registrasie van enige verband of ander saaklike reg op daardie goed, op naam van die man en die vrou gesamentlik.".*

(d) deur subartikel (4) te skrap.

Wysiging van artikel 16 *van Wet* 16 *van* 1967

23. Artikel 16 van die Wet op die Registrasie van Myntitels, 1967 (Wet 16 van 1967), word hierby gewysig deur—

(a) paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) Indien die vrouspersoon getroud is, moet haar nooiensvan en die volle naam van haar man ook vermeld word, en as die huwelik beheers word deur die reg wat in die Republiek of in Suidwes-Afrika geld, moet vermeld word of die huwelik in of buite gemeenskap van goed aangegaan is *en of die bepalings van artikel* 2 *van die Wet op Huweliksgoedere,* 19..., *op die huwelik van toepassing is al dan nie.";*

(ii) *in the case where the provisions of section* 2 (1) *of the said Act are applicable to such spouse,* to the extent of a child's share or so much as *together with his or her share of the accrual of the spouses' estates as determined in accordance with the provisions of the said Act,* does not exceed R10 000 in value (whichever is the greater);".

Amendment of section 17 *of Act* 47 *of* 1937

22. Section 17 of the Deeds Registries Act (Act 47 of 1937), is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) All deeds executed or attested by a registrar, or attested by a notary public and required to be registered in a deeds registry, and made by or on behalf of or in favour of a woman, shall in each case disclose the full name and status of the woman concerned, whether unmarried, married, widowed or divorced, as the case may be. If the woman is married the full name of her husband shall also be disclosed, and if the marriage is governed by the law in force in the Republic or any part thereof it shall be stated whether the marriage was contracted with or without community of property. *If the marriage was contracted without community of property it shall also be stated whether or not the provisions of section* 2 *of the Matrimonial Property Act,* 19..., *applies to the marriage.* If the marriage is governed by the law of any other country it shall be stated that the marriage is governed by the law of that country.";

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) *Subject to the provisions of subsection* (3A) immovable property, bonds or other real rights shall not be transferred or ceded to or registered in the name of a woman married in community of property, save where such property, bonds or real rights are by law or by a condition of a bequest or donation excluded from the community or where such property has been acquired under the provisions of the Agricultural Credit Act, 1966 (Act 28 of 1966).";

(c) by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) *After the commencement of the Matrimonial Property Act,* 19..., *the registration of immovable property which, upon the registration thereof becomes part of the joint estate of a husband and wife who is married in community of property, and the registration of any mortgage bond over or other real right in such property, shall be effected in the name of the husband and the wife jointly.*"; and

(d) by the deletion of subsection (4).

Amendment of section 16 *of Act* 16 *of* 1967

23. Section 16 of the Mining Titles Registration Act, 1967 (Act 16 of 1967), is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (1), of the following paragraph:

"(b) If the woman is married her maiden name and the full name of her husband shall also be disclosed, and if the marriage is governed by the law in force in the Republic or in South-West Africa, it shall be stated whether the marriage was contracted with or without community of property *and whether or not the provisions of section* 2 *of the Matrimonial Property Act,* 19..., *applies to the marriage.";*

(b) die byvoeging na subartikel (3) van die volgende subartikel:

"(3A) *Na die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere, 19..., word regte wat by die registrasie daarvan deel uitmaak van die gemeenskaplike boedel van 'n man en vrou wat in gemeenskap van goed getroud is, op naam van die man en die vrou gesamentlik geregistreer.*".

(c) deur subartikel (4) te skrap.

Wysiging van artikel 2 van Wet 34 van 1956

24. Artikel 2 van die Wet op die Verdeling van Skadevergoeding, 1956 (Wet 34 van 1956) word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1A) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1A) 'n Persoon word by die toepassing van hierdie artikel geag 'n mededader te wees indien hy 'n mededader sou gewees het as dit nie was vir die feit dat hy in gemeenskap van goed met die eiser getroud is nie."; en

(b) deur die eerste voorbehoud by subartikel 6 (a) te skrap.

Herroeping

25. Die wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep in die mate in die derde kolom van die Bylae uiteengesit.

Kort titel en inwerkingtreding

26. (1) Hierdie Wet heet die Wet op Huweliksgoedere, 19..., en tree, behoudens die bepalings van subartikel (2), in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Artikel 20 word geag op 28 Oktober 1953 in werking te getree het.

BYLAE

No. en jaar van Wet	Titel of onderwerp	In hoeverre herroep
Wet No. 13 van 1883 (Natal)	"To amend the Law of Divorce"	Artikels 10 en 11.
Wet No. 37 van 1953	Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953	Artikels 1, 2 en 3.
Wet No. 93 van 1962	Verdere Algemene Regswysigingswet, 1962	Artikel 31.
Wet No. 31 van 1966	Wysigingswet op Huweliksaangeleenthede, 1966	Artikel 1.
Wet No. 13 van 1976	Wysigingswet op Huweliksaangeleenthede, 1976	Die geheel.

(24 Februarie 1978)

(b) by the insertion after subsection (3), of the following subsection:

"(3A) *After the commencement of the Matrimonial Affairs Act, 19..., rights which upon the registration thereof become part of the joint estate of a husband and wife married in community of property, shall be registered in the name of the husband and wife jointly.*"; and

(c) by the deletion of subsection 4.

Amendment of section 2 of Act 34 of 1956

24. Section 2 of the Apportionment of Damages Act, 1956 (Act 34 of 1956), is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1A) of the following subsection:

"(1A) A person shall for purposes of this section be regarded as a joint wrongdoer if he would have been a joint wrongdoer but for the fact that he is married in community of property to the plaintiff."; and

(b) by the deletion of the first proviso to subsection (6) (a).

Repeal

25. The laws set out in the Schedule are hereby repealed to the extent indicated in the third column of the Schedule.

Short title and commencement

26. (1) This Act shall be called the Matrimonial Property Act, 19..., and shall, subject to the provisions of subsection (2), come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Section 20 shall be deemed to have come into operation on 28 October 1953.

SCHEDULE

No. and year of law	Title of subject	Extent of repeal
Law No. 13 of 1883 (Natal)	"To amend the Law of Divorce"	Sections 10 and 11.
Act No. 37 of 1953	Matrimonial Affairs Act, 1953	Sections 1, 2 and 3.
Act No. 93 of 1962	Further General Law Amendment Act, 1962	Section 31.
Act No. 13 of 1966	Matrimonial Affairs Amendment Act, 1966	Section 1.
Act No. 13 of 1976	Matrimonial Affairs Amendment Act, 1976	The whole.

(24 February 1978)

KENNISGEWING 156 VAN 1978

ZONDERENDRIVIER-BESPROEIINGSRAAD, AFDELINGS CALEDON EN PAARL, KAAPPROVINSIE.—TOEWYSING VAN WERKSAAMHEDE, BEVOEGDHEDE EN PLIGTE

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen by Goewermentskennisgewing 1311 van 30 Julie 1976, wys ek, Jacobus Wouter Theron, in my hoedanigheid van Adjunksekretaris van die Departement van Waterwese, hierby die werksaamhede, bevoegdhede en pligte soos omskryf in paragrawe (a), (b), (d), (e), (f), (g) en (h) van artikel 89 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), aan die Zonderendrivier-besproeiingsraad toe.

J. W. THERON, Ondersekretaris, Departement van Waterwese.

(24 Februarie 1978)

NOTICE 156 OF 1978

ZONDEREND RIVER IRRIGATION BOARD, DIVISIONS OF CALEDON AND PAARL, CAPE PROVINCE.—ASSIGNMENT OF FUNCTIONS, POWERS AND DUTIES

By virtue of the powers delegated to me by Government Notice 1311 of 30 July 1976, I, Jacobus Wouter Theron, in my capacity as Deputy Secretary of the Department of Water Affairs, hereby assign to the Zonderend River Irrigation Board the functions, powers and duties as defined in paragraphs (a), (b), (d), (e), (f), (g) and (h) of section 89 (1) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).

J. W. THERON, Under-Secretary, Department of Water Affairs.

(24 February 1978)

KENNISGEWING 157 VAN 1978

VEILING VAN GOEDERE.—DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS, DURBAN

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat 'n openbare veiling van ongeklaarde, onopgeëiste en verbeurdverklaarde goedere om 09h00 op 15 en 16 Maart 1978 by die Staatspakhuis gehou sal word. Opgawes van die goedere wat verkoop sal word kan op aanvraag by die Kontroleur van Doeane en Aksyns, Privaatsak X54305, Durban, verkry word.

(24 Februarie 1978)

NOTICE 157 OF 1978

SALE OF GOODS.—DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE, DURBAN

It is hereby notified for general information that a public sale of unentered, abandoned and forfeited goods will be held at the State warehouse at 09h00 on 15 and 16 March 1978. Lists of goods to be sold will be supplied on application to the Controller of Customs and Excise, Private Bag X54305, Durban.

(24 February 1978)

KENNISGEWING 158 VAN 1978

NASIONALE WELSYNSWET, No. 79 VAN 1965

TERUGGAWE VAN REGISTRASIESERTIFIKATE

Die ondergemelde welsynsorganisasies wat ingevolge die Nasionale Welsynswet, No. 79 van 1965, geregistreer was, het hul registrasiesertifikate ingevolge artikel 23 van die Wet teruggegee:

Name van organisasies	*WO Nos.*
Goedverwacht - Gesondheidskomitee, Goedverwacht, Oor Moravia	WO2290
Die Welsyns- en Verplegingskomitee van die N.G. Kerk in Afrika, Brits	WO2951

M. J. PRINSLOO, Registrateur van die Nasionale Welsynsraad.

(24 Februarie 1978)

NOTICE 158 OF 1978

NATIONAL WELFARE ACT, No. 79 OF 1965

SURRENDER OF REGISTRATION CERTIFICATES

The undermentioned organisations which were registered in terms of the National Welfare Act, No. 79 of 1965, have surrendered their registration certificates in terms of section 23 of the Act:

Names of organisations	*WO Nos.*
Goedverwacht Health Committee, Goedverwacht, Via Moravia	WO2290
"Die Welsyns- en Verplegingskomitee van die N.G. Kerk in Afrika", Brits	WO2951

M. J. PRINSLOO, Registrar of the National Welfare Board.

(24 February 1978)

KENNISGEWING 159 VAN 1978

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

GEWETENSGELD

Hierby word ontvangs erken van die volgende bedrag wat anoniem aan die Sekretaris van die Tesourie gestuur is:

Datum van ontvangs	*Bedrag*
	R
15 Februarie 1978	7,00

(24 Februarie 1978)

NOTICE 159 OF 1978

DEPARTMENT OF FINANCE

CONSCIENCE MONEY

The receipt of the following amount sent anonymously to the Secretary to the Treasury is hereby acknowledged:

Date of receipt	*Amount*
	R
15 February 1978	7,00

(24 February 1978)

KENNISGEWING 160 VAN 1978

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

STAATSGROND PER OPENBARE VEILING TE KOOP AANGEBIED

Hierby word bekendgemaak dat, kragtens die bepalings van die Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961 (Wet 48 van 1961), 'n openbare veiling ten opsigte van ondergenoemde staatsgrond, met verbeterings, as daar is, gehou sal word soos hieronder uiteengesit:

Kaap die Goeie Hoop:

Gedeelte 24 van die plaas Blouputs 10, geleë in die afdeling Kenhardt, provinsie die Kaap die Goeie Hoop, groot 27,633 3 hektaar.

Datum en tyd van veiling.—Dinsdag, 28 Maart 1978, om 11h00.

Plek van veiling.—Landdroskantoor, Kakamas.

Afslaer.—Die Delareyville Eiendomsagente, Posbus 9, Delareyville, 2770. Telefoon 111, Delareyville.

NOTICE 160 OF 1978

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

STATE LAND OFFERED FOR SALE BY PUBLIC AUCTION

Notice is hereby given that, in terms of the State Land Disposal Act, 1961 (Act 48 of 1961), a public auction of the undermentioned State land, with improvements, if any, will be held as set out hereunder:

Cape of Good Hope:

Portion 24 of the farm Blouputs 10, situate in the Division of Kenhardt, Province of the Cape of Good Hope, in extent 27,633 3 hectares.

Date and time of auction.—Tuesday, 28 March 1978, at 11h00.

Place of auction.—Magistrate's Office, Kakamas.

Auctioneer.—Delareyville Estate Agents, P.O. Box 9, Delareyville, 2770, telephone 111, Delareyville.

Natal:

Lot O Umfolozi 14840, geleë in die distrik Lower Umfolozi, county Zululand, provinsie Natal, groot 14,160 9 hektaar.

Datum en tyd van veiling.—Vrydag, 31 Maart 1978, om 11h00.

Plek van veiling.—Landdroskantoor, Empangeni.

Afslaer.—Delareyville Eiendomsagente, Posbus 9, Delareyville, 2770. Telefoon 111, Delareyville.

Transvaal:

1. Gedeelte 146 ('n gedeelte van Gedeelte 46) van die plaas Zuurfontein 591, geleë in die Registrasieafdeling IQ, provinsie Transvaal (distrik Vanderbijlpark), groot 4,758 8 hektaar.

Datum en tyd van veiling.—Woensdag, 22 Maart 1978, om 11h00.

Plek van veiling.—Landdroskantoor, Vanderbijlpark.

Afslaer.—Delareyville Eiendomsagente, Posbus 9, Delareyville, 2770. Telefoon 111, Delareyville.

2. Gedeelte 38 ('n gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Kafferskraal 381, geleë in die Registrasieafdeling IR, provinsie Transvaal (distrik Heidelberg), groot 2,151 8 hektaar.

Datum en tyd van veiling.—Maandag, 20 Maart 1978, om 11h00.

Plek van veiling.—Landdroskantoor, Vereeniging.

Afslaer.—Monitor Eiendomme, Joubertstraat 20, Vereeniging, 1390. Telefoon 21-1676, Vereeniging.

3. Die resterende gedeelte van Gedeelte 11 van die plaas Moriah 238, geleë in die Registrasieafdeling KT, provinsie Transvaal (distrik Pelgrimsrus), groot 40,227 0 hektaar.

Datum en tyd van veiling.—Woensdag, 22 Maart 1978, om 11h00.

Plek van veiling.—Fort Coepieba-motel, Phalaborwapad, Hoedspruit.

Afslaer.—Crots en De Beer, Posbus 205, Potgietersrus, 0600. Telefoon 266, Potgietersrus.

4. Gedeelte 26 ('n gedeelte van Gedeelte 23) van die plaas Grovedale 239, geleë in die Registrasieafdeling KT, provinsie Transvaal (distrik Pelgrimsrus), groot 41,449 3 hektaar.

Datum en tyd van veiling.—Woensdag, 22 Maart 1978, om 11h00.

Plek van veiling.—Fort Coepieba-motel, Phalaborwapad, Hoedspruit.

Afslaer.—Crots en De Beer, Posbus 205, Potgietersrus, 0600, telefoon 266 Potgietersrus.

Voornemende kopers moet die verkoopvoorwaardes so spoedig moontlik bekom en dit bestudeer ten einde vertroud te raak met enige beperkende voorwaarde(s). Dit is ook belangrik om die eiendom(me) voor die veiling te besigtig.

Die Staat behou hom egter die reg voor om die grond of enige gedeelte(s) daarvan te eniger tyd terug te trek.

Sketskaarte waarop die ligging van die eiendomme getoon word, asook die verkoopvoorwaardes, is verkrygbaar by die landdroskantore in die distrikte waarin die grond geleë is, of van die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit, Privaatsak X118, Pretoria, 0001. (Telefoon 48-2781, Bylyn 310 of 313.)

(24 Februarie 1978)

Natal:

Lot O, Umfolozi 14840, situate in the District of Lower Umfolozi, County of Zululand, Province of Natal, in extent 14,160 9 hectares.

Date and time of auction.—Friday, 31 March 1978, at 11h00.

Place of auction.—Magistrate's Office, Empangeni.

Auctioneer.—Delareyville Estate Agents, P.O. Box 9, Delareyville, 2770, telephone 111, Delareyville.

Transvaal:

1. Portion 146 (a portion of Portion 46) of the farm Zuurfontein 591, situate in Registration Division IQ, Province of the Transvaal (District of Vanderbijlpark), in extent 4,758 8 hectares.

Date and time of auction.—Wednesday, 22 March 1978, at 11h00.

Place of auction.—Magistrate's Office, Vanderbijlpark.

Auctioneer.—Delareyville Estate Agents, P.O. Box 9, Delareyville, 2770, telephone 111, Delareyville.

2. Portion 38 (a portion of Portion 3) of the farm Kafferskraal 381, situate in Registration Division IR, Province of the Transvaal (District of Heidelberg), in extent 2,151 8 hectares.

Date and time of auction.—Monday, 20 March 1978, at 11h00.

Place of auction.—Magistrate's Office, Vereeniging.

Auctioneer.—Monitor Properties, 20 Joubert Street, Vereeniging, 1930, telephone, 21-1676, Vereeniging.

